# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Geseënd is die wat genooi is na die Bruilof van die Lam

**Skriflesing:**
Matteus 22:1-14

**Teksvers:**
Matteus 22:8-9

**Sing:**
Ps 45:1,2,3
Ps 19:2,3
Ps 45:9,10,12
Sb 18-3:7,8,9
Ps 20:1,2,3,4,5
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Vandag is die voorbereiding van die Nagmaal. Die Nagmaal is die Here se maaltyd, 'n gemeenskapsmaaltyd, maar ter selfde tyd ook 'n gedagtenis maaltyd. Gedenk die dood van die Here tot Hy weer kom. Ons dink na oor die betekenis van Christus se kruisoffer. Maar ons doen dit as gemeente. Ons kom saam in die geloof. Dit is 'n wonderlike seën om aan die Nagmaal van die Here te mag deel. Maar die Nagmaal is ook meer. Dit wys heen na 'n ander maaltyd. 'n Feesmaaltyd. 'n Bruilofsfees. Geseënd is elkeen wat genooi is na die bruilof van die Lam.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Alles wys na Jesus Christus

**Skriflesing:**
Hebr 1:1-9

**Teksvers:**
Hebr 1:1,2
HB Sondag 6

**Sing:**
Ps 116:1,2,4
Ps 119:62,63
Sb 5-3:1,2
Sb 1-1:6,7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten v Helden

Die tweede hoofdeel van die Heidelbergse Kategismus handel oor ons verlossing en is vraenderwys op soek na die Verlosser. Hy soek een wat ware mens is om vir die mense se sondes te betaal, maar dan moet hy ook 'n sondelose (regverdige) mens wees. Daarby moet Hy God wees om die toorn van God te kan dra . Die vraag of daar so iemand bestaan word hier beantwoord en die lyn word regdeur die Skrifte getrek om te sien dat dit eintlik Jesus Christus is, die Seun van God. Hy is die antwoord op al ons vrae.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 48 Nr 20 4 Junie 2023**


## DINK AAN MY, MY GOD

Nehemia is bekend daarvoor dat hy op 'n merkwaardige wyse die mure van Jerusalem kom help herbou het. Na die terugkeer uit Babel se ballingskap, was die herstel maar baie stadig. Onder Serrubabel het die ballinge stadig gevorder met die herstel van die tempel. Deur die aanmoediging van Haggai en Sagaria het dinge weer gevorder, veral onder leiding van Esra die priester.

Maar die stadsmure het steeds stukkend gelê bykans 50 jaar na die terugkoms. As Nehemia inspring en leiding neem, dan word die mure in 'n rekordtyd van 52 dae herstel, sodat selfs Nehemia se vyande erken: dit was 'n werk van die Here.

Min mense besef egter die belangrike sosiale herstel wat Nehemia gebring het. Die uitbuiting van die armes deur die ryk en edele mense is weer reggestel. Die priesters en leviete is weer in hulle poste terug herstel en die tiendes weer ingevorder.

As Nehemia noodgedwonge terugkeer na Babel, waar hy as skinker van die koning opgetree het, dan is die verval net so vinnig. Ons lees dan in die laaste hoofstuk, as Nehemia weer terugkom na Jerusalem, dat hy weereens die volk moet suiwer van hulle verval.

Weer moet hy begin by die tempel en die priesterlike diens waar daar spesiale voordele aan sommige gegee is. Tobia word met al sy huisraad uit die voorraad kamers gejaag en die tiendes weereens herstel.

Alle handel word verbied op die Sabbat en die poorte van die stad word gesluit. As die handelaars opdaag om op die Sabbat hulle goedere te verkoop, word hulle weggejaag.

So ook word die ondertrouery met die heidense volkere verbied en die vreemdes word weggejaag. As Nehemia vermeld dat die kinders so vervreemd geraak het deur hierdie ondertrouery dat hulle nie eers meer Joods kon verstaan nie, sê hy: "Daarom het ek met hulle getwis en hulle gevloek, en sommige van hulle geslaan en die hare uitgepluk en hulle by God besweer: Julle mag nie julle dogters aan hulle seuns gee nie..." Neh. 13:25

Telkens, by hierdie hervormings pleit Nehemia: Dink aan my, my God! Nehemia verstaan iets wat ons baie maal vergeet: Hoe geduldig God met ons sondes is. Hoeveel keer moet ons nie van ons sondes bekeer en weer afsien van ons sonde nie! Hoeveel keer verval ons nie maar net weer terug in die gewoontes van die verkeerde nie.

Maar meer nog: hoeveel van ons is werklik besig met die werk van die koninkryk. Ons sal eerder pleit, Here moet tog nie aan ons verkeerde dade dink nie. So kan ons ook leer om ons geloofsarbeid aan die Here op te dra. Die Here vergeet nie die goeie werke van die gelowiges nie, nee, dit het ewigheidswaarde. (Op. 14:13)

Ds Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 13 Ps 111-2:1,2 — Volgende week: Les 7-13 Bybelvasvra Ps 111-2:1,2

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Teol studentekas

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversorging

***Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur* ***bevestigende epos*** *aan admin@gkcenturion.co.za*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## Steynsburg

Die diakonie beplan weer 'n uitreik na Steynsburg en Hugs of Hope in Hofmeyr gedurende Junie.

Daar is 'n nuwe brief op die kennisgewingbord met behoeftes.

Indien u items wil skenk vir hierdie verdienstelike saak, bring dit kerk toe en plaas dit agter in die saal. Merk dit asseblief duidelik vir Steynsburg of Hugs of Hope.

Baie dankie vir u ondersteuning en seënwense.

## Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

*Die Profeet Daniël*
*God is soewerein in die geskiedenis*

**Dinsdae om 18:30**

***Almal welkom***




## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**04-Jun**

| | |
|---|---|
| Wilna van Zyl | Blok A |
| Liana van Rooy | Blok B |
| Gerda Pieters | Blok C |

**14- Jun**

| | |
|---|---|
| Magda Pelser | Blok A |
| Louise van Niekerk | Blok B |
| Zane Kruger | Blok C |

Weesgerus

## GK Centurion Gemeentekamp

**Wanneer**: 22 - 25 September

**Waar**: Weesgerus Vakansieoord

**Tema**: ***Dien die Here met blydskap***

*Akkommodasie:*

Kampplek en chalets is beskikbaar

Skakel Fred Reynecke as jy wil betrokke wees by die beplanning of net wil help—083 255 9900

**Sien julle daar!**

**Boekhouer en Belasting Konsultant.** Algemene boekhouding en finansiële state, kontantvloei en likwiditeitsontledings, inkomste belasting en BTW opgawes vir Besighede, Individue en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax@gmail.com

**Kombuisontwerp**-, vervaardiging- en installasie van kombuis- en ingeboude kaste. Sertifisering van nuwe en bestaande gasinstallasies met sertifikaat. Algemene onderhoud, verf-, teëlwerk en kantooruitleg. Werner vd Walt 082 308 6238 werner@bwinteriors.co.za

Kan ek toesien tot die registrasie van u huisoordrag? Die Agent het sy prokureur. Die Koper het sy prokureur. Stel u eie **oordragprokureur** aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig**? Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena Kruger 072 974 2728.

**Betroubare huishulp** Ma, Di, Do, werk al 10 jaar by my. Martie Vilas 071 683 0348/Maria Mthimunye 079 808 6614.

**Algehele herstelwerk** op huise en geboue, verf, plaveisel, waterdigting op huise, staalwerke, teëlwerk, skakel bestaande geyser om na sonpanele, LPGAS installasie met COC sertifikaat. Kontak Hennie vd Walt 082 927 4326.

## MOOTLITE 2023
## Wie is "Ek is"?

*25 Junie- 30 Junie*

Graad 5-9

Om leerders toe te rus om hulle Gereformeerde belydenis en geloof te kan uitleef tussen hulle vriende, en te kan staande bly teen die aanslae van die wêreld, natuurlik aanvullend tot hulle ouerhuise en hulle eie gemeentes.




# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 19:00

\- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdag om 19:00 31 Mei
14 Junie

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## *Nagmaal*

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word volgende Sondag 11 Junie, tydens al drie ons eredienste gevier

## Eljada Huis

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêredoekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.



# *Verjaarsdae*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 04-Jun | Cathy | de Klerk | C09 | 27833039757 |
| | Sunette | Fourie | C05 | 27834066414 |
| | Susan | Grobler | C01 | 27846044422 |
| 05-Jun | Morné | Labushagne | B06 | 27786881507 |
| | Annama-rie | van Wyk | B06 | 27724081354 |
| 06-Jun | Sylvia | Krynauw | B13 | 27645459030 |
| | Rene | Maritz | A08 | 27833483056 |
| | Mandie | Potgieter | B02 | 27823536618 |
| | Alida | Smuts | A14 | 27833065038 |
| 07-Jun | Monique | vd Merwe | A17 | 27725968692 |
| 08-Jun | Melissa | Smith | B10 | 27828563704 |
| | Casper | vd Walt | C15 | 27614584551 |
| 09-Jun | Niel | Erasmus | B16 | 27721295918 |
| | Shinè | Mc Cabe | A16 | 27833813581 |
| | Casper | Venter | B08 | 27828536637 |
| | Karin | Verreynne | C11 | 27829555369 |
| | Rudie | Vorster | A16 | 27647599366 |
| 10-Jun | MJ | Erasmus | A10 | 27846741108 |
| | Lucia | van Wyk | C02 | 27834495679 |

### Doopliate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12-Jun | Xander | du Preez | A01 | 27737333777 |
| | Mila | Kruger | A18 | 27649039993 |
| 13-Jun | Jonay | Krynauw | B13 | 27645459030 |
| 16-Jun | Ughu | Grünenfelder | C15 | 27790877564 |
| | Hector | Liebenberg | A02 | 27745849413 |
| 17-Jun | Mia | Breed | A08 | 27798834776 |

### Beroepe ontvang

- Ds JG Ehlers van Gk Meyerton GK Empangeni
- Ds JG Tredoux van Gk Pretoria-Brooklyn na GK Wapadrant as medeleraar

## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

- Kas vd Walt in Unitas met skouer-operasie (664 8284—C03)
- Lettie Smit het 'n oog prosedure ondergaan (084 764 6587—C01)
- Jaap Hogendoorn het geval en sterk tuis aan (082 344 2868—B16)
- Stephan Venter (seun van Kobus en Sanet Venter) ondergaan Maandag 'n gesigoperasie (082 653 8353—C13)
- **Meelewing** word betuig met Anton en Lizel Smith en familie met die afsterwe van Anton se pa wat 'n oudlidmaat van ons gemeente was.

***"Maar ék sal sing van u mag,***
***elke môre sal ek jubel oor u trou,***
***want U is vir my 'n veilige vesting,***
***'n skuilplek in tyd van nood.***
***Tot u eer wil ek sing, U, my Sterkte,***
***want U is my veilige vesting,***
***U is my troue God. "Psalm 59:17 en 18***

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/